DONDERDAG-DIREK MET WILLEM KEMPEN

Eet julle dik, protes-tantes van Nantes, want Parys is ’n mis werd

Willem Kempen | Oorspronklik gepubliseer in Vrye Weekblad van 2 Junie 2022

Dagsê

Ons moes lank gelede op laerskool in Stellenbosch gereeld leer oor die Edik van Nantes, die dekreet van 1598 deur die Franse koning Henri IV (let’s not call him Hendrik) om sekere regte aan die dwarstrekkende Protestantse minderheid in Katolieke Frankryk toe te staan en te beskerm. Die belangrikste rede vir sy besluit, of so sê die meeste historici, is dat Henri die sogenaamde Franse geloofsoorloë tussen die Calvyn-groupies en die pous-groupies wou stopsit. Dit het waarskynlik ook ’n groot rol gespeel dat Henri self ’n Protestant was voordat hy in die eg pragmatiese Franse tradisie ’n Katoliek geword het sodat hy die troon kon bestyg. Hieroor het hy glo gesê: “Paris vaut bien une messe.” Dit beteken nié, soos mens dalk sal raai, “Parys is deesdae bietjie van ’n gemors nie”, maar wel “Parys is ’n [Katolieke] mis werd” – waarmee hy bedoel het hy was bereid om ’n Katolieke gewoonte te aanvaar as dit dan die prys was wat hy moes betaal om koning te word.

Al hierdie dinge het vir ons op laerskool nie veel beteken nie. “Edik” was ’n snaakse woord wat klink soos “eet jou dik”, en niemand van ons het geweet waar Nantes is nie, of enige selferkende Katolieke geken nie. (Vermoedelik was van die outjies in Bishops en Sacs en RônDeBôsh en so aan Katoliek, maar hulle algemene mislikheid het meer daarmee te doen gehad dat hulle Engels was, het ons gedink.)

In elk geval, die Edik van Nantes was natuurlik nie die eintlike big deal nie, maar wel die herroeping daarvan 87 jaar later deur Louis XIV. Lang storie kort: die Protestantse Hugenote se cushy deal kom tot ’n einde, hulle wip hulle gatte en gaan bly in ander lande waar hulle welkom gevoel het. Soos aan die Kaap. En baie van die Kaapse Hugenote was hoogs vaardige boere, seevaarders of ambagsmanne, anders as die riff-raff van ekonomiese vlugtelinge en fortuinsoekers wat gewoonlik uit Europa hier aangeland het.

Ten spyte van ons destydse onverskilligheid op laerskool oor die Sonkoning se rol in die vorming van die Bolandse paradys waarin ons geleef het, en al was baie van ons nader verwant aan Kaatje van de Kaap as aan die Huis van Bourbon, het heelwat van hierdie diepliggende meerderwaardigheidsgevoel in ons koppe gaan sit daai tyd. En in party mense se koppe is dit nog steeds daar.

Ons was mos darem nie die afstammelinge van boerse Voortrekkers wat uit die Kaap gevlug het omdat hulle nie kon Engels praat nie, ons was die afstammelinge van gesofistikeerde en intellektuele Hugenote. Ons boer nie in die woestyn met mielies of beeste en drink bier nie, ons plant Franse wingerdstokke en maak wyn. Ons was Dok Craven en Morné, nie Buurman van Zyl en Naas en Moaner nie. Óns miljoenêrs het hulle geld gemaak uit sigarette met name soos Rembrandt en drank met name soos Richelieu, húlle miljoenêrs het hulle geld gemaak uit kunsmisfabrieke en donker mynskagte op plekke soos Sasolburg en Vanderbijlpark en Welkom en Virginia. Ons had berge en valleie en die see, hulle had vaal vlaktes en troostelose mynhope. Ons had Breyten Breytenbach en Van Wyk Louw en hulle had Bles Bridges en Cora Marie.

Soms dink ek dié Kaapse wonderwêreld van vooroordeel en selfingenomendheid het weggekwyn, ander kere lyk dit my dis sterker as wat dit ooit tevore was. En ek wonder hoe lank dit die Terugtrekkers uit plekke soos Potchefstroom, Randburg, Standerton, Ermelo, Middelburg en Bloemfontein gaan vat om regtig tuis te voel in Hermanus of Durbanville of Stellenbosch?